

Kwaliteitsbeheer in die metallurgiese bedryf

W. J. KOTZÉ

Die derde colloquium van die Spesialiste-afdeling van die SAIMM is op 19 November 1980 by die Universiteit van Pretoria gehou en is deur sowat 40 mense bygewoon. Dr J. P. Hugo tree as Voorsitter op en heet al die aanwesiges welkom, en stel elke spreker om die beurt aan die vergadering voor.

Mnr. N. P. Cloete (B.Sc. (Yster en Staal) Pret.), Bestuurder, Kwaliteitsversekering en Ontwikkeling, Yskorwerke Pretoria: Beginsels van Metallurgiese Kwaliteitsbeheer.

As inleiding wys Mnr. Cloete op die bykans ongelooflike vordering wat die Japanese die afgelope dertig jaar behaal het. Op die gebied van staalvervaardiging het hulle tot so 'n mate gevorder dat Japanese staal reg oor die wêreld as maatstaf vir prestasie beskou word. Hy wys op die rol wat moderne tegnologie in die vordering gespeel het, maar wys uit dat verskeie tegnieke van opleiding in gehalte beheer waarskynlik net so groot bydrae gelewer het.

Voorts het hy die onderskeie onder-afdelings van gehaltebeheer bespreek, naamlik, die reguleringsproses, die verbeterings proses en die gehaltemotivering van personeel.

Mnr. Cloete beskou die gehaltemotivering van personeel as die kritiese area vir die tagtigs. Verskeie suksesvolle tegnieke word voorgedra onder andere die Amerikaanse 'Zero Defekte' Program en die Japanese 'Gehalte Sirkels'.

Opsommend wys Mnr. Cloete op die volgende punte.

1. Dit is moontlik om gehalte te beheer — gehalte is nie 'n nuwe produk van die vervaardigingsproses wat teen wil en dank aanvaar moet word soos dit gelewer word nie.
2. Die beheer van die gehalte van produkte is die taak van elke werknemer van die maatskappy.
3. Presies omdat dit die taak van elke werknemer van die maatskappy is bestaan die gevaar dat dit niemand se taak kan word as die beheer van gehalte nie behoorlik beplan word en beheer word nie.
4. Die produksie proses lewer data wat gebruik kan word vir die verbetering van die gehalteprestasie van die proses — soms moet dit net gesoek word.
5. Die grootste gedeelte van die gehalte probleme is bestuursbeheerbaar.
6. Dit is moontlik om werknemers te motiveer om hoër vlakke van gehalteprestasie te bereik.

Mnr. S. Claasen (B. Ing. (Bed.) Pret. MBA. Pret.), Senior Lektor, Universiteit van Pretoria: Die toepassing van statistiek in kwaliteitsbeheer

Mnr. Claasen wys daarop dat verskeie benaderings bestaan ten opsigte van kwaliteitsbeheer maar dat sy referaat slegs sal handel oor die beheer van meetbare veranderlikes.

Hy wys voorts op die verskillende produk variasies wat voorkom, naamlik

- (i) variasie binne dieselfde item,
- (ii) variasies in produkte van dieselfde lot,
- (iii) variasies tussen lotte.

Die oorsake van variasies, naamlik die vervaardigings proses, grondstowwe, operateurs en diverse oorsake, word vervolgens bespreek.

Na 'n bespreking van die Oorsaak Vaste Sisteem teorie is die referaat afgesluit met 'n bespreking van die beginsels, opstelling hantering, voor- en nadele van kontrole kaarte.

Mr. P. G. Laue (M.Sc. (Met.) Pret.), Chief Metallurgist, South African Railways: Case studies in quality control

Mr Laue gave a brief description of the layout of the Quality Assurance and Development Department of the S.A.R. at Koedoespoort.

He showed slides and gave examples that indicated gross neglect and a lack of quality control on the part of suppliers to the S.A.R. These examples included tools of various kinds, parts for coaches and locomotives, rails, and structural steels. He also indicated the enormous costs involved in the catastrophic failure of certain of these items.

He ended his presentation by mentioning the possible role of inadequate specifications in the supply of inferior parts and materials.

Afsluiting

Die Voorsitter Dr. J. P. Hugo bedank al die sprekers vir die seminare van hoogstaande gehalte en vra die vergadering om oor te gaan tot die verkiesing van die nuwe bestuur vir 1981.

Die volgende bestuur is eenparig verkies:

Voorsitter — Professor G. T. van Rooyen (U.P.)

Sekretaris — Mnr. G. Pienaar (U.P.)

Addisionele lede — Dr. van Aswegen (Yskor), Dr. J. P. Hugo (R.A.K.), Dr. S. Venter (R.A.K.)